# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**18 Februarie 2010**
**Jaargang 3 – Uitgawe 3**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad


**Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Poligamie en politiek

**Die President van ons land het onlangs weer opspraak gemaak met sy vyfde troue en berigte dat sy twintigste kind aan die einde van verlede jaar gebore is. Verder is hy nog verloof ook, en as hy met dié vrou trou, sal dit dus sy sesde huwelik wees. Ander buite-egtelike verhoudings word ook openlik erken.**

Hierdie optrede van Jacob Zuma laat weer 'n hele paar ou etiese vrae na vore kom, byvoorbeeld vrae oor poligamie, egskeiding, die regte van vroue, buite-egtelike kinders en seks buite die huwelik. In die tyd waarin ons leef, waar MIV/vigs 'n wêreldwye pandemie is, skep dit ook nuwe etiese vraagstukke. Die regering, waarvan hy aan die hoof staan, het 'n veldtog teen hierdie pandemie. Een van die slagspreuke van die veldtog is*: ABC – abstain, be faithful, condomise* (volgens 'n artikel deur Max du Preez in *Beeld* van 6 Februarie vanjaar). Dus, sy geloofsoortuigings en tradisionele gebruike daar gelaat, deur sy optrede ondermyn hy die veldtog van sy eie regering! Dieselfde geld vir die veldtog teen die uitbuiting van vroue en kinders, waarvoor daar selfs 'n minister aangestel is. Dat baie mense sy optrede afkeur, is nie altemit nie.

Hy is egter nie die eerste openbare figuur wie se verhoudings opspraak gemaak het nie. Volgens berigte in *Beeld* is Indonesië 'n paar jaar gelede geruk deur 'n soortgelyke skandaal toe een van die land se bekende persoonlikhede 'n tweede vrou geneem het soos deur die Moslemkultuur en die wet in Indonesië toegelaat word. Baie Moslems het daarteen geprotesteer. Hoekom? Die rede is dat poligamie volgens die Islamgeloof nie daar is om manlike wellus te bevredig nie, maar juis ingestel is om vroue te beskerm. Voortdurende oorloë het baie weduwees agtergelaat wat sonder die beskerming van 'n man ontsettend kwesbaar was. So kon hulle onder andere deur 'n Leviraatshuwelik weer die beskerming van 'n man geniet.

In die Ou Testament is poligame verhoudings ook toegelaat om vroue wat sonder 'n man geen regte in die samelewing gehad het nie, beskerming te gee, maar wanneer dit gebruik is om wellus te bevredig en ten toon te stel, is dit beslis afgekeur.

Selfs geledere uit die Zoeloe-kultuur keur Zuma se optrede af omdat sy beoefening van poligamie teenstrydig is met wat hulle onder poligamie verstaan en omdat dit die uitbuiting van vroue tot gevolg het. Kultuur kan nie as 'n verskoning gebruik word om mense, veral vroue en kinders, te ver-dinglik as weggooibare gebruiksartikels nie. Geen land, veral nie een waar gelyke regte en menswaardigheid so hoog op prys gestel word, mag toekyk hoe die President hierdie waardes minag nie. In 'n land waar die meeste mense boonop Christene is, kan 'n mens dit met reg van ons President verwag om die meerderheid se Christelike waardes deur sy optrede in ag te neem en te respekteer.

**Ds Anet Dreyer-Krüger**


**Skakels**

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Beroep ontvang

- **Ds Frans Marais** van Grootvlei na die kombinasie Belfast/Waterval Boven
- **Ds Richard van der Westhuizen** van Zeerust na Tzaneen

## Beroep aanvaar

- **Ds Jackie Dippenaar** (beroepafwagtend) na Oos-Moot (deeltyds)

Ds Frans Marais



Ds Richard van der Westhuizen

Ds Jackie Dippenaar

Dr Theuns Dreyer

Ds Hennie Aucamp

Ds At Mc Donald

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Theuns (TFJ) Dreyer** is op Saterdag 13 Februarie in die ouderdom van 78 jaar en een maand oorlede na 'n siekbed van twee maande. Sy begrafnis is op Maandag 22 Februarie om 11:00 vanuit die kerkgebou van Magaliesburg. Dr Dreyer het saam met sy vrou die gemeentes Dullstroom, Warmbad, Wonderfontein, Durban, Florida en Magaliesburg bedien. Meelewing word met mev Rina Dreyer, haar seuns Erik, Danie en Hennie en hul gesinne betuig.

- **Ds Jackie Dippenaar se skoonvader** is op 3 Februarie op 60-jarige ouderdom oorlede aan kanker. Hy was jare lank 'n ouderling in Gemeente Evander.

- **Ds Hennie Aucamp** het weer 'n terugslag beleef nadat hy begin herstel het na 'n pofadderbyt. Hy is weer in die hoësorgafdeling van 'n kliniek in Bloemfontein opgeneem.

- **Ds At Mc Donald** betuig sy dank teenoor almal wat aan hom gedink het en vir hul gebede gedurende sy siekte. Hy is ook dankbaar oor die berig wat oor sy 50ste ampsjubileum verskyn het.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 19 Februarie: Di Petri de Kock, Herman Gothan en PM Smith
  - Saterdag 20 Februarie: Ds Nick Maré
  - Dinsdag 23 Februarie: Dr Estelle Dannhauser en prof Wouter van Wyk
  - Woensdag 24 Februarie: Di Jan Prinsloo en André Ungerer
  - Donderdag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp
  - Vrydag 26 Februarie: Dr Jonanda Groenewald en ds Monja-Lize van Belkum

Dr Johan Otto

- **Dr Johan Otto**, sy vrou en twee ouderlinge van **Gemeente Premiermyn** besoek die naweek die lidmate in **Harare**. Hulle vertrek reeds Donderdag 18 Februarie en sal Maandag 22 Februarie terugkeer. Benewens die erediens in Harare, sal dr Otto ook in die Laeveld 'n erediens hou vir die paar lidmate wat daar oorgebly het.

- **Ds Hennie Nel van Potgietersrus** vra dat lidmate en predikante van die volgende kennis neem: *Ek wil almal waarsku teen 'n baie intelligente maar oneerlike persoon wat hom aan my bekend gemaak het as emeritusprof Peter Mawundla van die*

*voormalige HKSA. Hy bly kwansuis in die Tonga-omgewing naby Malelane. Daar is talle heel logiese redes hoekom jy nie sy telefoonnommer kan kry om hom terug te skakel nie. Hy ken selfs die professore van die destydse opleiding by Hammanskraal – verwys selfs na hulle op ons studentebyname vir die profs. Die storie mag dalk wissel, maar moet geen geld vir hom leen nie. Uit al my ondersoeke blyk dit dat die prof geslepe is en nie geëmeriteer nie!*

- Die lidmate by **Amanzimtoti** wat onlangs van Gemeente Durban-Suid afgestig het, het besluit dat die nuwe gemeente se naam **Saffierkus** is. Dit is die jongste gemeente van die Hervormde Kerk.

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) sal by hul vergadering op 11 en 12 Maart die **indeling** maak vir hul besoeke aan **ringsvergaderings** vanjaar. Van die meeste ringsvergaderings is reeds inligting ontvang oor die datum en plek van die vergaderings. Ringskribas wat nog nie die inligting aangestuur het nie, moet dit onverwyld doen. Ringsvergaderings kom vanjaar vroeër byeen met die oog op die afhandeling van studiewerk en beskrywingspunte vir die 69ste AKV. Die **sperdatum** vir beskrywingspunte, studiestukke, ensovoorts wat in die agenda opgeneem moet word, is **15 Mei**.

Ds Paula Eksteen

- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind plaas van **19 tot 22 Mei** vanjaar. **Ds Paula Eksteen**, deelsorgpredikant in Gemeente Midrand, neem tans waar as sekretaris van die Kommissie van die ADV, terwyl dr Wilhelm Coetzer met siekteverlof is. Gemeente Midrand se kerkraad asook die Moderamen van die Kommissie van die AKV het die nodige toestemming daartoe verleen. Ds Eksteen is betrokke by die Diens van Barmhartigheid in ons Kerk. Sy dien in die direksie van Die Ondersteuningsraad en het ook saam met die Kommissie van die ADV 'n kursus oor MIV/vigs bygewoon en gehelp met die daarstel van 'n strategie vir die Kerk oor MIV/vigs. Die ooreenkoms met haar duur tot aan die einde van Maart 2010. Sy werk slegs drie werksdae per week by die Sinodale Kerkkantoor, naamlik **Maandae, Dinsdae en Donderdae**, en konsentreer dan hoofsaaklik op die reëlings vir die 5de ADV.

- **Diaken Danie de Jager** is op 14 November 2009 tot **visevoorsitter** van die Kommissie van die ADV verkies, in die plek van diaken Carel Kühn. **Diaken Amelia van Zyl** is tot die Kommissie verkies in die plek van diaken De Jager.

- Gemeentes word vriendelik versoek om enige **trustgelde vir Bybelverspreiding** wat tans in die gemeenterekening lê, **voor die einde van die huidige finansiële jaar** van die Kerk (28 Februarie 2010) aan die Bybelgenootskap oor te betaal en dit nie te laat oorstaan tot Oktober nie. Dit sal die Bybelgenootskap baie help om 'n gesonde kontantvloei te handhaaf. Gemeentes word ook daaraan herinner dat die **bydraemikpunt** vir die 2010-boekjaar van die Bybelgenootskap (1 November 2009 – 31 Oktober 2010) R33 per lidmaat is nadat dit vier jaar lank op R22 gestaan het.

- **Gemeente Pretoria-Tuine** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar, en die kandidaat moet tydens oggend- en aanddienste optree (aanddienste vind plaas gedurende skooltye tot einde September, uitgesluit Junie en Julie). Daar is ook 'n sanggroep. Vergoeding is volgens skaal. Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of **andre.botma@telkomsa.net**, of Clarence Marks by 012 379 6898 of **nhktuine@gmail.com**.

Prof Malan Nel

- In 1986 het **prof Malan Nel** die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA onderneem. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** is nommer 9 onder sy leiding. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes en 6 teologiese seminaria. Luister na die insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers. Skryf aan **m.mcnel@mwebbiz.co.za** vir meer inligting.

- **Lekkerkerker** is ’n kubertuiste vir jongmense, waardeur die Woord van die Here verkondig en gelowige jongmense van oor die wêreld met mekaar in kontak gebring word. Gaan kyk by **www.lekkerkerker.blogspot.com** en word deel van ons.

- Gebruikers van die ***Almanak*** moet enige **wysigings** aan inligting asseblief deurgee aan mev Karen Breedt, 012 322 8885 x257 of **karen@nhk.co.za**, sodat dit betyds op die stelsel aangebring kan word. Wysigings wat ontvang word, sal een maal per maand in die *e-Hervormer* gepubliseer word. Voorstelle vir en kommentaar oor die *Almanak* kan gestuur word aan die redakteur, ds Kálmán Papp, by **papp@biblesociety.co.za**.

## Konserte en damesbyeenkomste

- **Gemeente Bothaville** hou op **Saterdag 20 Februarie** ’n **lapafees met Romanz** by Nampo Park. Bring u eie eetgerei en kom geniet die aand saam. Kontak Doutie by 056 515 2673 gedurende kantoorure.

- **Gemeente Zeerust** bied ’n **feeskonsert** aan met Musica Festiva onder leiding van Eddie Davey. Kom geniet die musiek van die orrel, twee trompette en ’n bariton. Dit vind plaas in die kerkgebou van die gemeente op **Sondag 28 Februarie** om 14:45 vir 15:00. Die prys is R60 vir volwassenes en hoërskoolkinders en R40 vir ander kinders. Kaas en wyn word na afloop van die konsert in die Kerksaal aangebied.

- **Gemeente Bothaville se NHSV** bied op **Saterdagoggend 13 Maart** ’n **Damestee** aan met Ronéll Erasmus. Kontak Doutie by 056 515 2673 gedurende kantoorure.

- Die naweek van **23 tot 25 April** bied Lindie Gouws van *My World* ’n *Kom in*-konferensie aan vir vroue in samewerking met **Gemeente Gaborone**. Julius Magan sal die lof en aanbidding lei. Kaartjies is P300 of R330. Dit sluit tee/koffie/beskuit en ’n ligte middagete vir Saterdag in, asook ander verrassings. Vrydag 18:00 tot 21:30, Saterdag 09:00 tot 16:00, en Sondag erediens. Vir navrae en besprekings, kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499.

## Kampe en toere

- **Kom toer saam met *Konteks.*** Daar is nou net 3 plekke oor! Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande**.** Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

- Daar is ook nog net ’n paar plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Mafeking** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Saterdag 27 Februarie** by die Leopard Park Gholfklub in Mafikeng. Belangstellende deelnemers en borge

kan die hooforganiseerder, Pokkels Ackerman, by **sheriffmolopo@hotmail.com** of 082 555 0683 kontak.

- **Van Rensburg Monumenttehuis** vir bejaardes in Pretoria-Wes bied hul 13de **Klap 'n Tekkie pretloop** aan by die Fonteine in Pretoria op **Saterdag 27 Februarie.** Maak dit 'n gesinsuitstappie en kom stap die 1, 5 of 10 km in die skaduryke en veilige omgewing. Vir meer inligting, besoek die webblad **www.klapntekkie.co.za**, of kontak Elma du Plessis by **ruelma@vodamail.co.za**, 012 377 0786 of 082 954 7955, Marietjie Aldum by **marietjie@aldum.co.za**, 082 495 3350 of 012 807 6652, of Magda Bolton by 082 391 6587 of 012 807 4835.

## Basaars en markte

- **Gemeente Grootvlei** in Pretoria hou op **Vrydag 26 Februarie** 'n Mieliefees op hul kerkterrein. Maalvleis en boerewors word verkoop teen R30 per kg. Indien 'n persoon genoeg bestellings plaas (meer as 100 kg), sal die vleis by hom/haar afgelewer word (net in die Pretoria-omgewing). Bestellings kan geplaas word by die gemeentelike kerkkantoor, by 082 838 6303. Alle **bestellings** moet hulle voor of op **Maandag 22 Februarie** bereik.

- **Gemeente Primrose** hou **Saterdag 27 Februarie** 'n koekbasaar op die kerkterrein. Dit begin om 08:30. Vetkoek, pannekoek, koek, ensovoorts sal beskikbaar wees. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 011 828 1649.

- Op **Saterdag 27 Februarie** vind die **NHSV Leeudoringstad** se 2de **Pienk Basaar** plaas. As jy lus is vir ietsie anders, ietsie pienk en sag op die oog, dan is dit die plek om te wees. Dis 'n basaar met 'n pienk kinkel, baie te koop en baie te kyk. Hulle hou 'n modeparade met trourokke om 11:00 – ja, daar is selfs 'n pienke! As jy lus is vir 'n tortilla, pienk pannekoek en 'n aarbeimelkskommel, kom na die Pienk Basaar! Vir meer inligting, skakel Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883.

# ANDER NUUS

- 'n **Permanent-voltydse vakature** het ontstaan in die **Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap** van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die vakature kan, ingevolge 'n ooreenkoms tussen UP en die Hervormde Kerk, deur 'n predikant van die Kerk gevul word. Predikante van die Kerk wat oor 'n toepaslike **doktorsgraad of minstens 'n toepaslike meestersgraad** in die teologie beskik, word genooi om volgens die voorgeskrewe prosedure aansoek te doen. Aansoeke moet van 'n *professionele portefeulje* vergesel word en moet in die voorgeskrewe formaat van UP gedoen word. Navrae kan gerig word aan me Hannie-Marie Swart by **hannie-marie.swart@up.ac.za**. Van die dosent sal verwag word om in die dissipline van Godsdienswetenskap te doseer en te spesialiseer. Spesialiskennis in die vakgebied sal 'n sterk aanbeveling wees. Vermoë om verwante temas in die Sendingwetenskap te doseer, sal ook as aanbeveling geld. Die suksesvolle kandidaat sal op 'n posvlak aangestel word ooreenkomstig sy/haar akademiese meriete. Aansoeke word *via* die Skriba van die Kuratorium gerig aan die Direkteur: Menslike Hulpbronne van UP en word **tot 28 Februarie** ingewag. Indien die aanstellingsprosedure verloop soos beplan, sal die vakature **vanaf 1 April 2010 gevul** word.

- Daar bestaan tans 'n **vakature vir pleegouers** in die Diakonale Pleegsorghuis **Elsburg**. Die datum van diensaanvaarding moet verkieslik nie later wees as **1 April 2010** nie. **Aansoeke sluit op 20 Februarie 2010.** Die vereistes is onder andere dat dit 'n getroude egpaar van verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud moet wees, dat hulle lidmate van die Hervormde Kerk moet wees, en oor goeie gesondheid moet beskik. Hulle moet ook 'n aanvoeling vir kinders hê. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis

inwoning en versorging binne die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of dr Jan Oberholzer by 012 322 8885 (w) of 082 851 1081 vir meer inligting.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Saterdag 20 Februarie: NHSV Hoofbestuur
  - Donderdag 25 Februarie: Werkwinkel van Die Ondersteuningsraad
  - Vrydag 26 Februarie: Raad van Finansies

## KOMMENTAAR

- "Ek dink daar moet 'n fyn balans gehandhaaf word tussen wat gemaklik prakties en tog kerklik en ordelik moet wees met 'n erediens en 'n kerkgebou. Vir seker moet ons die tegnologie gebruik tot voordeel en uitbouing van 'n gemeente, maar elke lidmaat en spesifiek kerkrade met hul predikante moet daardie fyn balans handhaaf. Kyk wat doen die megakerke: veilige parkering, veilige omgewing, lugversorging, ordentlike klanksisteme waarna selfs mense met gehoorprobleme (dowes) gemaklik kan luister, en die gewraakte *big screen.* Dit word alles gebruik om dit gemaklik en aangenaam te maak vir kerkgangers. Vir my as stoere Hervormer wat erg is oor die gewydheid van die erediens en die pragtige klanke van 'n tradisionele kerkorrel met pype, is dit belangrik om niks daarvan in te boet nie, veral nie ter wille van die mens se giere en geite nie. Maar dis hier waar die balans moet inkom met groot verantwoordelikheid. Byvoorbeeld: Nagmaal gebruik by die tafel voor in die kerk of gemaklikheidshalwe en ter wille van tyd in die banke. Soos ek die Bybel en die formulier lees en verstaan, moet dit aan tafel geskied met 'n beker (die Griekse woord praat ook net van 'n beker en nie bekers nie). Nou waar kom die gebruik van kelkies vandaan? Dit kom van die mens se gemaklikheid en om eredienste vinnig af te handel – oorspronklik uit 'n susterskerk wat groot getalle gehad het en vir tyd en gemak kelkies in die banke bedien het, want dan is die erediens steeds binne 'n uur klaar!

  Net soos die gospelmusiek met kitare, fluite, ensovoorts. En die orrelis wat sê dat hulle *net die orrel* gebruik, vergeet dat dit 'n hele simfonieorkes op sy eie is wat deur een mens beheer word! Die kerkhervormer Zwingli het dit laat uitgooi!

  Ons moet die balans tussen vernuwing ten goede en tradisionele maniere handhaaf. Kyk na die lidmate in Zimbabwe: As ons as kerk tegnologie inspan, kan daardie lidmate elke Sondag 'n lewendige erediens meemaak deur die internet met die *big screen* voor in die kerk. Dit is sekerlik beter as niks?"

  **Banna Botha, ouderlinglid Kommissie van die AKV**

- "Ek wil net graag vir *Geïrriteerde lidmaat* reghelp. Indien hy verwys na 'n multimediaskerm, maak hy 'n groot fout. Ons gebruik dit in Bethal nou al drie jaar lank, en ek dink ons is nog almal op die regte pad – dominee ingesluit. Onthou net, as jy die *e-Hervormer* lees, ontvang jy die elektroniese god ook met ope arms."

  **Ben de Lange, Bethal**

- "Ek dink darem nie dat prof Piet Geyser met *waarskuwingsligte* verwys het na 'n dataprojektor en groot skerm in die kerkgebou nie. Soos ek dit verstaan, gaan dit oor die diepte in die geloofsbelewenis van mense. Met reg sê hy dan dat sommige (meeste?) van die inhoud van die geestelike musiek wat in die handel verskyn, uiters bedenklik is. Om darem die sprong te maak (te waag) om te sê

dat tegnologie nie in die erediens gebruik behoort te word nie, is bietjie... wel, té gewaag. Ek dink ’n mens moet kan onderskei tussen ewige sake en matige sake. Hulpmiddels wat in die erediens aangewend word om die Woord van God nog beter uit te druk en/of oor te bring, is matige sake en kan tog nie verkeerd wees nie (solank dit net verantwoordelik gebruik word). Daar is baie ander hulpmiddels wat reeds vir dekades al tydens die eredienste gebruik word. Die dominee en die ouderling maak gebruik van ’n **mikrofoon** wat gekoppel is aan **luidsprekers** sodat alle lidmate duidelik kan hoor.

Dis egter nie al praktiese hulpmiddels wat gebruik word nie. Die **ligte in die kerk** is sodat die lidmate beter kan sien; **waaiers of lugverkoelers** is praktiese hulpmiddels om dit vir die lidmate meer gerieflik te maak. Kussinkies op die banke is daar om boud-eelte te voorkom as die dominee bietjie lank preek. Die banke self is daar sodat ons nie op die grond hoef te sit of die hele erediens moet staan nie. ’n Mens kan selfs sê die kerkgebou is ’n praktiese hulpmiddel om die evangelie beter te hoor, anders sou ons êrens onder ’n boom moes sit. Toegegee, die laaste paar voorbeelde is nie tegnologiese voorbeelde nie (meer struktureel van aard), maar hoekom mag die tegnologie nie ingespan word nie? Daar is myns insiens geen geldige teologiese rede voor nie. En dit het met die ewigheid bitter min te make. Die goue reël bly egter om alle praktiese hulpmiddels verantwoordelik te gebruik. Die doel moet wees om die lewende God te eer, om Hom beter te kan dien.”

**Ds Dawie Jacobs**

- “Die Kerk se Internet-gespreksforum is nie so suksesvol soos die *e-Hervormer* self nie, daarom lewer ek maar hier my reaksie op *Geïrriteerde lidmaat* se kommentaar. Ek is verbaas dat hy prof Geyser se verwysing na *waarskuwingsligte* deurtrek na die elektronika en meer spesifiek die *Big Screen* wat inligting tydens eredienste op ’n skerm projekteer. Ek is weer van mening dat dit ’n wonderlike hulpmiddel is en ’n voorbeeld hoe elektronika in die algemeen aangewend kan word om die Woord van God uit te dra. Die *Big Screen* spesifiek het talle voordele in ’n gemeente. Bo en behalwe die aanwysing van liedere wat gesing word, kan gemeentelike aankondigings voor ’n erediens geprojekteer word, en dit vind gewoonlik meer inslag as afkondigings wat van die preekstoel af gemaak word. Dieselfde toerusting kan baie nuttig tydens gemeente- en kerkraadsvergaderings aangewend word om inligting en standpunte oor te dra.

  Nee wat, dit is nie nodig om Liedboeke en Bybels vir vertoon kerk toe te dra nie. Dis belangriker om met die regte gesindheid ’n erediens by te woon en daaraan deel te neem.”

  **Len Loader, Bellville**

- “Dit is die eerste keer dat ons die *e-Hervormer* ontvang. Ons is verras oor die mooi manier waarop dit aangebied word. Ons sien uit na die volgende uitgawe!”

  **Chris en Sonika van der Schyf, Kleinfontein**

**Die *e-Hervormer* word tans gestuur aan 2 598 ontvangers, wat dit in baie gevalle verder aanstuur na verskeie persone, of dit binne gemeentes versprei.**

## ADVERTENSIES

Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, teen **R114 per plasing**. Kontak mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Hy oorwin die dood

**Die Maart 2010-uitgawe van *Konteks* sal teen die einde van die week beskikbaar wees.**

Op die voorblad is ’n aangrypende skildery (in verwerkte vorm) deur Rembrandt. Dit beeld die kruisgebeure en Jesus se vasgenaelde voete uit. Wat ’n mens in die besonder tref, is dat die skilder homself hier vlak by die vasgespykerde voete van Christus plaas. Hy is nie slegs skilder, toeskouer wat die gebeure *objektief* weergee nie. Hy is getuie én mededoener by die kruisgebeure. Só bely hy sy eie aandeel aan hierdie gebeure. Hy is dáár!

Dr Wian Kloppers skryf in sy redaksionele berig soos volg: *Tussen die gegewe op die voorblad en dié van die Epifanie-uitgawe (Januarie/Februarie 2010) vind ’n belangrike verbinding plaas. Die een verbeeld die hande en die ander die voete van Christus. Die* oorkruisboodskap *tussen dié twee voorblaaie is egter skreiend: Teenoor die oop hand wat ’n metafoor is vir Christus se lewe en werk, staan die vasgespykerde voete en hande. Jesus Christus kom om mense vry te maak. Hy gee alles – selfs sy lewe. Maar mense spyker Hom vas, probeer Hom ontken, probeer Hom vernietig. Vandag nog. So bring die voorblad die boodskap met volle krag tuis: Elkeen van ons het aandeel aan die kruisgebeure. Soos Rembrandt, moet ons onsself ín hierdie gebeure sien.*

*Maar ondanks ons weerstand en al ons pogings téén Hom in, laat Hy ons nie los nie.*

Lees ook die aangrypende verhaal van ’n vader wat sy seun verloor het, en die ontstellende eerste artikel in ’n reeks oor afhanklikheid.

Maar te midde van en ondanks die lyding, maak God dit vir ons moontlik om met vreugde te leef. Ervaar die opwinding van eerstejaarstudente, ontdek ons mooi land saam met Magda en Hennie van Deventer, vind inspirasie in Louise Geyser se rubriek oor die wonderwêreld van voëls, en lees oor gebeure in gemeentes.

Soos dr Kloppers skryf: *Christus beheer ons lewens. Waar mense* oënskynlik *sy lewe en dood beheer het, draai Hy dit om: Hy oorwin die dood. Teenoor voete wat* oënskynlik *vasgespyker is, staan die opstanding van Christus. Dit is die opstanding wat ook ons laat opstaan – te midde van lyding en dood.*

***** Bestel *Konteks* teen R120 vir 10 uitgawes. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906, of e-pos sentik@nhk.co.za.**



Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx